

Jong volwassenes

’n Behoefte het ontstaan vir ’n werksplek vir ons leerders wat die skool verlaat, veral die wat uit ons vaardigheidsklasse kom. Daar is ’n werksplek begin by die skool om ook die leerders te akkommodeer.

Hier word ons jong volwassenes die volgende vaardighede geleer.

- Sosiale vaardighede
- Tuin vaardighede
- Maak van eenvoudige geregte
- Selfstandigheid
- Bak vaardighede
- Houtwerk
- Kunsvlyt
- Karwas

Leerders besoek een keer ’n week ’n kwekery. Hier word hulle blootgestel aan vaardighede in die kwekery, aquaponics en die kombuis. Hulle sluit die dag af met ’n melkskommel in die restaurant.